NG Kerk | Vennote in Getuienis
Vrystaat

# Handevat vir water

In die Jubeljaar – 150 jaar onblusbaar! – wil ons 'handevat vir water'. Dit gaan in die Bybelse Jubeljaar (Levitikus 25) immers om die herstel van mens en omgewing, die heelmaak van stukkende gemeenskappe en gebroke leefruimtes. Dit gaan om die ontdekking dat ons almal die aarde as woning deel, en dat ons liggame dieselfde stof en water deel. Ons eet uit dieselfde grond en drink uit dieselfde bron van water, ons ontvang en leef uit dieselfde Bron van lewensbrood en lewende water!

## Hoekom water?

Dis duidelik dat water, of dan die tekort aan water, vinnig besig is om in ons provinsie die grootste enkele uitdaging vir oorlewing te word. Teen 2020, sê die navorsers, gaan hier gewoon nie meer genoeg water wees nie. Ons gebruik reeds 98% van die beskikbare water. Daarvan word 30% deur lekkasies of wangebruik vermors. 'n Ontstellende groot deel word besoedel, selfs vergiftig. Water-bestuurstelsels, -infrastruktuur en -kundigheid stort in duie. Talle munisipaliteite in ons streek is reeds maande lank sonder water. Ons gaan spoedig terugverlang na die tyd toe kragonderbrekings ons enigste ongerief was, want die probleem is dat daar "vir water geen alternatief is nie", waarsku Prof Kobus van der Walt van Potchefstroom. En dan is klimaatsverandering en sikliese droogtes ook nog ons voorland!

Daarom wil ons graag gemeentes of selgroepe aanmoedig om met 'n **watertenk-projek** te begin. Reënwater kan opgevang en sinvol gebruik word, of ons kan water vir droë tye opgaar. Ons kan watertenks by 'n kerksaal, 'n ouetehuis, 'n kliniek of naby 'n dorpsplein oprig. Ons het reeds 'n aantal gesubsidieerde tenks vir 'n paar loodsprojekte beskikbaar. En ons hoop om spoedig meer te kry.

## Hoekom handevat?

Omdat hele gemeenskappe, almal op die dorp, saam afhanklik is van dieselfde bron van water, bied so 'n waterprojek 'n gulde geleentheid om oor grense heen hande te vat. En mense te laat ontdek: ons het mekaar nodig, ons móét gewoon saamwerk! Met handevat bedoel ons nie een groep mense rig vir 'n ander 'n watertenk op nie. Nee, ons praat eers as gemeenskappe saam, luister fyn na die behoeftes, maak saam planne, neem saam verantwoordelikheid, werk lekker saam en vier dan saam fees as ons slaag. Dit moet 'n óns-projek word. Die kerk kan hierin die voortou neem en so 'n getuienis lewer!

**Tel: +27 (0) 51 406 6729 | Faks: +27 (0) 86 502 0811 | E-pos: missie@ngkvs.co.za | Posbus 11412 | Universitas 9321**

Die evangelie, so het Jesus self gesê, gaan immers ook oor die gee en ontvang van ’n beker koue water – wat uitnooi tot lewende water. Dit sien ons as Hy by die dorp se put gaan sit en met ’n Samaritaanse vrou gesels.

**Hoe kan dit prakties werk?**

- Ons vra gemeentes of klein groepe om met ’n loodsprojek te begin. “Steek hande op asseblief, wie sien kans?”
- Vennote in Getuienis wil graag saamwerk. Skakel ons gerus. Ons het ’n span kundiges wat kan raad gee. Waar moontlik, kan ons help met borge of subsidiëring – dit gaan om ’n groter netwerk wat gebou word. Ander kerke en selfs die owerheid wil graag saamwerk. Besighede kan betrek word. Daar is reeds sulke mense aan boord wat net wag om te help!
- By ’n geskikte plek rig ons dan saam ’n tenk op. En beplan saam om sinvol met die water te werk: dit in krisistye aan bejaardes of siekes of kinders uit te deel, ’n tuintjie naby te begin, ’n boom te plant, mense te leer om op nuwe maniere met water as iets ‘heiligs’ (kosbaars, lewensnoodsaaklik) te werk, die projek uit te brei, nog mense te betrek – daar is soveel moontlikhede wat elke gemeenskap self kan ontgin. Ons het nie pasklaar resepte vir elke projek nie; gemeenskappe sal gou self moontlikhede uitdink en entoesiasties daarmee wegspring.

- Maar dit gaan ook oor bewusmaking. Ons sal almal maniere moet aanleer om water te spaar. Waar nodig sal ons die plaaslike owerhede moet aanspreek, en help. Ons sal die ou liedjie “kinders moenie in die water mors nie” dalk weer in verskillende tale moet leer sing. Ons het mooi, gratis pamflette in verskillende tale wat met bewusmaking kan help. CLF is hierin ook ’n vennoot.

- En dan gaan dit natuurlik om mense, om verhoudings te bou, om saam verantwoordelikheid te neem, om goeie burgers te wees wat mekaar en veral leiers verantwoordbaar hou, om brûe oor grense heen te bou, om vennootskappe en om menswaardigheid.
- Uiteindelik gaan dit ook om ’n getuienis, die meedeel van heil, diens aan die Koninkryk, die omvattende vrede (*sjalom*) waarvoor Christus sy lewe gegee het. Mense sal vra: “Waarom doen julle dit?” En dan sal ons kan verduidelik…